GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JUNIE EKSAMEN
# GRAAD 12

# 2023

# NASIENRIGLYNE

## AFRIKAANS
## EERSTE ADDISIONELE TAAL

## (VRAESTEL 1)

**11 bladsye**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**
**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder 'n volsin gee, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks gegee word, moet SLEGS die eerste TWEE/DRIE nagesien word.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

**VRAAG 1**
**TEKS A: OP ONS KNOPPIE KAN JY DRUKKIE**

| VRAAG | | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | | *34 (jaar) oud* | 1 | 1 |
| | | | | |
| 1.2 | | (In) Alexandra, (Gauteng)<br>*(Alexandra alleen kan aanvaar word, maar nie net Gauteng nie)* | 1 | 1 |
| | | | | |
| 1.3 | 1.3.1 | Figuurlik | 1 | 3 |
| | | | | |
| | 1.3.2 | Die uitdrukking verwys na moeilike tye wat opdaag.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 | 3 |
| | | | | |
| 1.4 | 1.4.1 | Sy was ’n verkoopsadviseur | 1 | 1 |
| | | | | |
| | 1.4.2 | Sy het die idee gekry ná ’n rowwe dag by die werk toe sy self ’n drukkie nodig gehad het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 | 2 |
| | | | | |
| 1.5 | | Pro Cuddling SA | 1 | 1 |
| | | | | |
| 1.6 | | “wie se naam sy nie genoem wil hê nie” | 1 | 2 |
| | | | | |
| 1.7 | | rowwe | 1 | 3 |
| | | | | |
| 1.8 | | Daar is al ander plekke in Amerika, Australië en dele van Asië wat professionele drukkiedienste bied.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 | 4 |
| | | | | |
| 1.9 | | Florence het navorsing gedoen./Dit is algemene kennis.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 | 3 |
| | | | | |
| 1.10 | | *cuddle mates* | 1 | 2 |
| | | | | |
| 1.11 | | • Sy is ernstig.<br>• Sy hou by haar woord.<br>• Sy het ’n sterk persoonlikheid.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 | 3 |
| | | | | |
| 1.12 | | • Hulle gaan deur ’n egskeiding.<br>• Hulle is gestres.<br>• Hulle is eensaam/Hulle ly aan eensaamheid.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 | 2 |
| | | | | |
| 1.13 | | Enkellopendes | 1 | 3 |
| | | | | |
| 1.14 | | Jy besoek hul webtuiste./Bespreek op hul webtuiste. | 1 | 1 |
| | | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.15 | R900 | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.16 | Sy wil die onderneming ook uitbrei na die res van Suid-Afrika.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.17 | • B<br>• Sy moet haar besigheid en *cuddle mates* beveilig.<br>• B Sy moet haar besigheid en *cuddle mates* beveilig. | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.18 | Sy sê dat daar mense is wat 'n drukkie nodig het. Sy wy haar lewe daaraan om eensame mense te help.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.19 | Ja.<br>• Baie mense het persoonlike probleme/stres.<br>• Baie mense voel mismoedig.<br>• Baie mense is eensaam.<br>**OF**<br>Nee.<br>• 'n Mens moet jou eie persoonlike probleme/stres verwerk.<br>• Daar is ander maniere om jou moeilike tye te verwerk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.20 | • Ek dink dit is 'n wonderlike idee om mense tydens hulle moeilike tye te help.<br>**OF**<br>• Ek voel dat dit glad nie sal werk nie en dat mense deesdae enigiets uit desperaatheid sal probeer om geld te maak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 | 5 |

| TEKS B: GRAAD 8-LEERDERS SE BRON VAN VERVOER | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 1.21 | • C<br>• ry bus<br>• C ry bus | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.22 | 150 | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.23 | • met illustrasies van voete (wat loop)<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.24 | • Dit is goedkoop/bekostigbaar en gerieflik.<br>• Hulle woon nie ver van die skool af nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.25 | WAAR<br>• Ouers met hul eie motors vervoer gewoonlik hul eie kinders skool toe.<br>• Ouers voel dis veiliger as hulle self die kinders met hul motors skool toe vat.<br>OF<br>ONWAAR<br>• Kinders kan 'n rygeleentheid by iemand anders/bure kry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.26 | • Motor – om te verseker dat die kind veilig by die skool uitkom.<br>• Bus/Taxi – dit gee my kans om ander dinge te doen/ek het nie tyd om die kind self skooltoe te neem nie.<br>• Fiets – dit is 'n baie meer bekostigbare manier om by die skool uit te kom.<br>• Loop – dit is goedkoop/gesond/die skool is nie ver van die huis af nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 | 5 |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

**Nasien van die opsomming**

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf. Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1 – 3 korrekte feite: 1 punt
  - 4 – 5 korrekte feite: 2 punte
  - 6 – 7 korrekte feite: 3 punte

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6 – 7 korrekte aanhalings: Geen punte vir taal word toegeken nie.
  - 4 – 5 korrekte aanhalings: Maksimum 1 punt vir taal word toegeken.
  - 2 – 3 korrekte aanhalings: Maksimum 2 punte vir taal word toegeken.
  - **Toegewing: Indien die kandidaat net 1 direkte aanhaling het, verdien die kandidaat net 1 punt vir die aanhaling en geen punte vir taal nie.**

**LET WEL:**

- Getal woorde:
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik
    is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener VYF woorde ná die 70-woordegrens aan lees en nasien. Ignoreer die res van die opsomming.

**VRAAG 2**

**TEKS C: WAT OUERS KAN DOEN OM HUL KINDERS TE BEVEILIG:**

**Let wel:** Kandidate moet sewe **feite** oor **WAT OUERS KAN DOEN OM HUL KINDERS TE BEVEILIG** opsom.
Feite hoef nie in chronologiese volgorde aangebied word nie.

| DIREKTE AANHALING | | EIE WOORDE |
|---|---|---|
| **Kinders moet bewus gemaak word van gevaartekens,** maar moet nie in vrees leef nie. | 1 | Maak kinders bewus van gevaartekens. |
| **Moedig kinders aan om ’n volwassene wat hulle vertrou te vertel as hulle ongemaklik voel** oor die manier waarop ’n persoon na hulle kyk of hulle aanraak | 2 | Motiveer kinders om ’n betroubare volwassene te vertel wanneer hy/sy ongemaklik oor ’n persoon voel. |
| **Kinders wat alleen by ’n huis is, moet NOOIT die voordeur oopmaak indien daar iemand aanklop nie. D**ie voordeur moet nie eers oopgemaak word **selfs al is dit ’n bekende persoon** nie, aangesien statistiek bewys dat dit in 75% van die gevalle bekende persone is wat kinders ontvoer en molesteer. | 3 | Kinders wat alleen tuis is, moet nooit die. voordeur vir enigiemand oopmaak nie. |
| **Kinders moet geleer word om eers hul ouers te roep indien daar iemand by die huis opdaag voordat hulle die hek of deur vir die persoon oopmaak**. | 4 | Leer kinders om eers die ouer te roep voordat hulle vir die persoon oopmaak. |
| Kinders moet onder **geen** omstandighede **persoonlike inligting oor die telefoon oordra nie.** | 5 | Kinders moet geen persoonlike inligting oor die telefoon oordra nie. |
| Ouers moet seker maak dat hulle kinders **altyd hulle kan kontak** indien hulle alleen tuis is. | 6 | Kinders moet altyd hulle ouers kan bereik/kontak. |
| Kinders moet geleer word **om altyd in ’n groep te bly** of saam met hul ouers of vriende te bly, veral op skooluitstappies en in winkelsentrums. | 7 | Leer kinders om in groepe te beweeg. |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**VRAAG 3**

**TEKS D: ADVERTENSIE**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde by woordstrukture moet korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig uitgeskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 3.1 | ontspanne | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.2 | • die groter font<br>• hoofletters<br>• letters vetgedruk/donker gedruk<br>• die prent<br>*(Enige EEN van bogenoemde)* | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.3 | bekostigbare fooie | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.4 | Ouers van skoolgaande kinders./Kinders wat tuisonderrig verkies. | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.5 | Piepklein (sp) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.6.1 | Figuurlik | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.6.2 | Dit beteken dat hulle goed sal vaar/hoë punte kry/uitstekend presteer.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 4 |
| | | | |
| 3.7 | Dit wys kinders wat gelukkig is/wat glimlag.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.8 | beste | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.9 | Alliterasie | 1 | 2 |
| | | **[10]** | |

**VRAAG 4**

**TEKS E: STROKIESPRENT**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 4.1 | • Dit laat die voltooiing van die gedagte oor aan die leser.<br>• Die sin is nie voltooi nie.<br>• Hy het nie klaar gepraat nie/wil nog meer sê.<br>• Iets onderbreek sy woorde.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.2.1 | Dit impliseer dat Neelsie die vlieg doodgeslaan/raakgeslaan het. | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.2.2 | Die gebruik van …<br>• vetdruk.<br>• donkerdruk .<br>• groot letters.<br>• hoofletters.<br>Daar is 'n uitroepteken na die woord.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk)* | 2 | 3 |
| | | | |
| 4.2.3 | • Skok<br>• Verbasing<br>• Vrees<br>(*Enige EEN of soortgelyk)* | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.2.4 | • Sy oë is wawydoop.<br>• Sy hare op sy kop staan regop.<br>• Sy snor is gekrul.<br>• Sy hand is op.<br>• Die lyntjies/strepies om sy kop.<br>(*Enige EEN)* | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.3 | koppe (sp) | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.4 | Die seun sê gerustellend vir Meneer dat die vlieg hom nie meer irriteer nie. | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.5 | Die harde geluid laat nie Meneer se hare regopstaan nie./<br>Die harde geluid laat Meneer se haar nie regopstaan nie. | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.6 | Tevrede | 1 | 3 |
| | | **[10]** | |

**TEKS F: ARTIKEL**

| VRAAG | | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|---|
| 5.1 | 5.1.1 | 3/drie | 1 | 3 |
| | | | | |
| | 5.1.2 | Dit is eerstens belangrik **om te** weet wat jou risiko is. | 1 | 2 |
| | | | | |
| | 5.1.3 | natuurlik | 1 | 1 |
| | | | | |
| | 5.1.4 | kon/ser/wa/tief | 1 | 2 |
| | | | | |
| | 5.1.5 | daagliks (sp) | 1 | 3 |
| | | | | |
| | 5.1.6 | badwater | 1 | 3 |
| | | | | |
| | 5.1.7 | Die diere is baie **maer** na die droogte.<br>*(Enige sin waar maer die fisiese voorkoms beskryf)* | 1 | 3 |
| | | | | |
| | 5.1.8 | Dit maak nie saak hoe oud jy is nie want dit kan met enige vrou gebeur. | 1 | 2 |
| | | | | |
| | 5.1.9 | vroeër (sp) | 1 | 3 |
| | | | | |
| | 5.1.10 | Akuut | 1 | 3 |
| | | | | |
| | 5.1.11 | risiko's (sp) | 1 | 3 |
| | | | | |
| | 5.1.12 | meisietjies (sp) | 1 | 3 |
| | | | | |
| | 5.1.13 | Alle borskankers kan behandel word. | 1 | 2 |
| | | | | |
| | 5.1.14 | Alle borskankers sal behandelbaar wees. | 1 | 2 |

**TEKS G: PRENT**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 5.2 | 5.2.1 | aan | 1 | 3 |
| | | | | |
| | 5.2.2 | kelner | 1 | 3 |
| | | | | |
| | 5.2.3 | bestelling | 1 | 3 |
| | | | | |
| | 5.2.4 | spyskaart | 1 | 3 |
| | | | | |
| | 5.2.5 | sjef | 1 | 3 |
| | | | | |
| | 5.2.6 | Die klere **kos** baie geld.<br>*(Enige sin waar kos aan geld gekoppel word)* | 1 | 3 |
| | | | **[20]** | |
| | | | | |
| | | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** | |
| | | | | |
| | | **TOTAAL:** | **80** | |